



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

FEBRUARIE/MAART 2014

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en B.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 'n reël oop na ELKE subvraag.
6. Moet NIE in die regterkantlyn skryf NIE.
7. In die algemeen word 'n punt per feit toegeken. Dus sal 'n 2 punt-vraag TWEE feite vereis, ensovoorts.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1: PASITEMS**

Kies 'n term/konsep uit KOLOM B om by die beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–S) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 T.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	'n Toestel wat gebruik kan word om krag te verskaf in geval van 'n kragonderbreking	A	vaste toestand ('solid state')
		B	deurgang ('portal')
1.2	Die gebruik van IKT om van die huis, of enige ander plek weg van die hoofkantoor af, te kan werk	C	konvergensie
		D	lêerbediener ('file server')
1.3	'n Draagbare stoortoestel wat algemeen gebruik word	E	toep ('app')
		F	MIKH ('MICR')
1.4	Tegnologie wat gebruik kan word om objekte soos sirkels en reghoeke wat met die hand geteken is, te lees	G	flitsskyf ('flash drive')
		H	spioenprogrammatuur ('spyware')
1.5	'n Reeks aksies/sleuteldrukke wat 'n gebruiker skep en opneem om herhalende take te outomatiseer om tyd te spaar	I	USB
		J	opwipprogram ('pop-up')
1.6	Klein programme wat spesifiek vir draagbare toestelle ontwerp is en gewoonlik van die Internet afgelaai word	K	ikoon ('icon')
		L	templaat ('template')
1.7	'n Webwerf wat 'n verskeidenheid Internetdienste van 'n enkele gerieflike plek af aanbied	M	roeteerder ('router')
		N	OKT ('UPS')
1.8	'n Program wat inligting oor 'n gebruiker insamel sonder dat hy of sy daarvan weet	O	advertensieprogrammatuur ('adware')
		P	telependel ('telecommuting')
1.9	'n Toestel wat Internetkonnektiwiteit moontlik maak	Q	SGTA ('SATA')
		R	OMH ('OMR')
1.10	Die toenemende neiging om verskillende funksies en tegnologieë in rekenaars en toestelle te kombineer	S	makro

(10 x 1) **[10]**

VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 D.

- 2.1 Watter EEN van die volgende is 'n spesiale soort rekenaar wat ontwerp is om gebruikers toe te laat om met 'n stilus (digitale pen) op die skerm te skryf of teken?
- A Tablet
 - B Skootrekenaar ('Notebook')
 - C Bediener ('Server')
 - D Tafelrekenaar ('Desktop') (1)
- 2.2 Watter EEN van die volgende komponente hou data en instruksies wat wag om verwerk te word, en wat verlore sal gaan indien die krag afgeskakel word?
- A EUPLAG ('EEPROM')
 - B SVE ('CPU')
 - C LSG ('RAM')
 - D LAG ('ROM') (1)
- 2.3 Watter EEN van die volgende verwys na 'n tipe webwerf wat gebruikers toelaat om saam te werk om die inhoud te skep, by te voeg, uit te veë of te verander?
- A Webinaar
 - B Wiki
 - C RSS-voer
 - D Potgooi ('Podcast') (1)
- 2.4 Geënkripteerde kode wat aan 'n e-posboodskap geheg word om die identiteit van die afsender te verifieer, word 'n ... genoem.
- A digitale sertifikaat
 - B digitale handdruk
 - C digitale skeiding
 - D digitale handtekening (1)
- 2.5 'n Vingerafdrukleser- en stemherkenningstelsel is voorbeelde van ... toestelle.
- A animasie-
 - B multimedia-
 - C biometriese
 - D geografiese (1)

- 2.6 Watter EEN van die volgende stellings oor wolkberging ('cloud storage') is NIE waar NIE?
- A 'n Mens kan nie gerugsteunde data weg van die perseel af in die wolk stoor nie.
 - B 'n Mens sal lêers met ander gebruikers kan deel.
 - C 'n Mens hoef nie stoorspasie op jou eie rekenaar te gebruik nie.
 - D 'n Mens kan vanaf enige rekenaar toegang tot datalêers verkry deur die Internet. (1)
- 2.7 Watter EEN van die volgende is die algemene term vir rekenaarvirusse en -wurms?
- A Gratis programmatuur ('Freeware')
 - B Spioenprogrammatuur ('Spyware')
 - C Deelprogrammatuur ('Shareware')
 - D Kwaadwillige programmatuur ('Malware') (1)
- 2.8 *Bandwydte* verwys na ...
- A die hoeveelheid data wat oor 'n bepaalde tydperk deur 'n kommunikasiekanaal versend kan word.
 - B 'n toestel wat oudio en video vanaf jou huis na enige Internetgekoppelde toestel stroom.
 - C die hoeveelheid data wat jou IDV ('ISP') jou toelaat om per maand op of af te laai.
 - D 'n apparaatrukomponent wat die uitruil van data en inligting tussen rekenaars moontlik maak. (1)
- 2.9 Watter EEN van die volgende voorsorgmaatreëls sal oogstremming voorkom wanneer jy op 'n rekenaar werk?
- A Verminder die monitor se verfristempo ('refresh rate').
 - B Gebruik 'n ergonomies ontwerpte sleutelbord.
 - C Kyk met gereelde tussenposes weg van die monitor af.
 - D Verander die skermoriëntering na portret. (1)
- 2.10 Watter EEN van die volgende kombinasies van sigbladfunksies sal 'n gebruiker in staat stel om 'n kode te skep wat uit die eerste drie letters van 'n naam, plus die laaste twee letters van 'n van bestaan en alles in hoofletters vertoon word.
- (i) CONCATENATE, MID, LEN
 - (ii) CONCATENATE, UPPER
 - (iii) UPPER, MID, LEFT
 - (iv) LEFT, RIGHT
- A (ii) en (iii)
 - B (ii) en (iv)
 - C (i) en (iv)
 - D (iii) en (iv) (1)

[10]**TOTAAL AFDELING A: 20**

AFDELING B

Die vrae wat volg, is op die scenario hieronder gebaseer.

'n Organisasie het 'n gebou geskenk wat by jou skool as 'n multimediasentrum vir leerders en lede van die gemeenskap opgestel gaan word. As 'n RTT-leerder moet jy me. Mills in die mediasentrum bystaan en rekenaarverwante raad aan lede van die gemeenskap gee.

VRAAG 3

Me. Mills het besluit om 20 tipe A-rekenaars (sien hieronder) te koop wat vir algemene gebruik beskikbaar sal wees, asook een tipe B-rekenaar wat deur fasiliteerders gebruik sal word wanneer hulle aanbiedings doen.

Bestudeer die advertensies hieronder om die vrae wat volg te beantwoord.

REKENAAR A	REKENAAR B
<ul style="list-style-type: none"> • 3 jaar verlengde waarborg ('warranty') • Core i3-2100 3.1 GHz-SVE ('CPU') • 23" multi-aanraking ('Multi-Touch') • 4 GG ('GB') DDR3-LSG ('RAM') • 1 TG ('TB') 3.5" hardeskyf • 1 GG ('GB') nVidia GT525 MG ('MB') grafikakaart • Geïntegreerde webkamera en luidsprekers • Draadlose LAN en Bluetooth 3.0 • Windows 7 Home Premium 64-bis ('bit') • Sluit draadlose sleutelbord en muis in • DVD-skrywer 	<ul style="list-style-type: none"> • 3 jaar-perseelwaarborg ('on-site warranty') • Intel Core i7-2637M 1.8 GHz-SVE ('CPU') • 13.3" HD (720 p) True Life-WLED • 4 GG ('GB') DDR3-LSG ('RAM') • 256 GG ('GB') Vastetoestandaandrywer ('SSD') • Intel HD 3000-grafikakaart • 1.3 MP HD (720p)-webkamera • Draadlose-N LAN en Bluetooth • Windows 7 Professional 64-bis ('bit') • Interne agtergrondbeligte sleutelbord

3.1 Beide Rekenaar A en Rekenaar B het 'n waarborg.

Verduidelik die term *perseelwaarborg* ('on-site warranty') wat saam met Rekenaar B aangebied word. (2)

3.2 As jy in ag neem dat die rekenaars vir algemene gebruik gekoop word, watter TWEE apparatuurspesifikasies wat in die advertensie hierbo genoem is, sal die belangrikste wees om die werkverrigting van Rekenaar A te bepaal? (2)

3.3 Die advertensies noem dat Rekenaar A 'n 23" multi-aanraking ('Multi-Touch') en Rekenaar B 'n 13.3" HD (720 p) True Life-WLED het.

3.3.1 Na watter apparaaturoestel verwys hierdie spesifikasies? (1)

3.3.2 Waarna verwys die term *multi-aanraking* ('Multi-Touch') in die advertensie vir Rekenaar A? (1)

3.3.3 Hoe word die 23"- en 13.3"-spesifikasie vasgestel? (1)

- 3.4 Hoe kan LED-tegnologie tot groen rekenariserings bydra? (1)
- 3.5 Noem TWEE moontlike stoor-toestelle of -media wat nie in die advertensies ingesluit is nie, wat gebruik kan word om meer as 10 GG ('GB') data te stoor. (2)
- 3.6 Wat is die funksie van 'n grafika-kartaat? (1)
- 3.7 Die advertensie vir Rekenaar A spesifiseer 'n webkamera.
Beskryf DRIE gebruike van 'n webkamera. (3)
- 3.8 Rekenaar A sluit 'n DVD-skrywer in.
- 3.8.1 Waarom sal dit vir die leerders beter wees om DVD's eerder as CD's te gebruik om data te stoor? (1)
- 3.8.2 Gee TWEE redes waarom me. Mills 'n DVD-'RW'-skyf eerder as 'n DVD-LAG ('ROM')-skyf behoort te koop. (2)
- 3.8.3 Gee TWEE voorbeelde van die tipe data wat verspreiders van programmatuur gewoonlik op DVD-LAG's ('ROMs') sal stoor. (2)
- 3.8.4 Noem EEN tegnologie wat etikette direk op 'n optiese skyf met 'n spesiale laag bo-op kan ets, eerder as om 'n plakker te gebruik. (1)
- 3.9 Beide rekenaars het LAN-vermoëns.
- 3.9.1 Verduidelik wat 'n LAN is. (2)
- 3.9.2 Gee 'n voorbeeld van 'n plek waar 'n LAN opgestel kan word. (1)
- 3.10 Watter term word aan programme soos Windows 7 en Linux gegee wat die aktiwiteite van apparatuurtoestelle beheer? (1)
- 3.11 Noem TWEE maniere waarop 'n gebruiker die kans om herhalende ooreisingsbeserings ('RSI') op te doen, kan verlaag. (2)

[26]

VRAAG 4

Die RTT-leerders is gevra om aan die gemeenskapslede wat die mediasentrum gebruik, raad te gee oor apparatuur- en programmatuurverwante kwessies.

- 4.1 Watter draadlose kommunikasietegnologie word die algemeenste gebruik om 'n rekenaar met 'n draadlose sleutelbord en muis te laat werk? (1)
- 4.2 'n Lid van die gemeenskap wil 'n klein besigheid van sy huis af bestuur en word aangeraai om 'n intreevlakrekenaar ('entry-level computer') te koop.
- 4.2.1 Noem TWEE voordele van die koop van 'n intreevlakrekenaar. (2)
- 4.2.2 Noem EEN beperking van 'n intreevlakrekenaar deur na 'n spesifieke komponent te verwys. (1)
- 4.3 Wanneer 'n gemeenskapslid probeer om 'n kantoor suite op sy nuwe rekenaar te installeer, verskyn 'n boodskap om die produksleutel ('product key') in te lees.
- 4.3.1 Verduidelik wat 'n *produksleutel* is. (2)
- 4.3.2 Gee die hoofrede waarom programmatuurontwikkelaars produksleutels gebruik. (1)
- 4.4 Een van die gemeenskapslede vra vrae oor skyffragmentering ('disk fragmentation').
- 4.4.1 Watter effek het skyffragmentering op 'n rekenaar? (1)
- 4.4.2 Watter nutsprogram kan gebruik word om die probleem wat deur skyffragmentering veroorsaak word, op te los? (1)
- 4.5 Een van die gemeenskapslede het 'n kortpad ('shortcut') na 'n webdeurblaaiër op sy tafelrekenaar ('desktop') gevind.
- 4.5.1 Verduidelik wat 'n *kortpad* is. (2)
- 4.5.2 Wat is die doel of funksie van 'n webdeurblaaiër? (1)
- 4.6 'n Ander gemeenskapslid het 'n boodskap op haar rekenaarskerm gevind dat 'n 'non-system disk error' plaasgevind het toe sy aangeskakel het.
- Gee EEN rede EN 'n oplossing vir hierdie probleem. (2)
- 4.7 Een van die gemeenskapslede het voorgestel dat me. Mills oopbronprogrammatuur ('open-source software'), soos Linux, op die rekenaars moet gebruik.
- 4.7.1 Noem TWEE eienskappe van oopbronprogrammatuur. (2)
- 4.7.2 Noem TWEE potensiële nadele van die gebruik van oopbronprogrammatuur. (2)

- 4.8 Wanneer een van die gemeenskapslede haar rekenaar afskakel, verskyn 'n instruksie dat sy nie moet afskakel nie omdat opdaterings ('updates') besig is om uit te voer.
- 4.8.1 Gee TWEE redes waarom opdaterings ('updates') nodig is. (2)
- 4.8.2 Noem TWEE moontlike gevolge indien sy die rekenaar sou afskakel terwyl die opdaterings installeer. (2)
- 4.9 Noem TWEE algemene tipes stelselprogrammatuur. MOENIE in jou antwoord na enige handelsname verwys NIE. (2)
- 4.10 Me. Mills let op dat leerders nie hulle werk rugsteun nie.
- 4.10.1 Wat is 'n *rugsteunkopie* ('*backup file*')? (1)
- 4.10.2 Noem TWEE beste praktyke wat ten opsigte van rugsteuningkopieë oorweeg moet word. (2)
- [27]**

VRAAG 5

Die RTT-leerders is gevra om gemeenskapslede raad te gee oor netwerke.

- 5.1 Verduidelik die verskil tussen die terme *Internet* en *wêreldwye web* ('world-wide web'). (2)
- 5.2 Noem die tipe program op die Internet wat gebruik word om webwerwe, webblaaie, prente, kaarte of inligting oor 'n spesifieke onderwerp te vind. MOENIE handelsname of voorbeelde as jou antwoord gee NIE. (1)
- 5.3 Noem TWEE voordele om die rekenaars in die mediasentrum in 'n netwerk te koppel. (2)
- 5.4 Noem TWEE e-kommunikasiedienste wat kommunikasie oor die Internet toelaat. MOENIE handelsname of voorbeelde as jou antwoord gee NIE. (2)
- 5.5 Watter tipe lisensie word benodig om programmatuur op al die rekenaars in die mediasentrum te installeer? (1)
- 5.6 Watter kommunikasietoestel sou op elkeen van die rekenaars nodig wees om toegang tot die netwerk te verkry indien die rekenaars nie ingeboude netwerkvermoëns gehad het nie? (1)
- 5.7 Noem EEN nadeel van 'n draadlose netwerk. (1)
- 5.8 'n Antivirusprogram het 'n aangetaste ('infected') lêer op die stelsel geïdentifiseer en die gebruiker in kennis gestel dat die lêer in kwarantyn geplaas is.
- 5.8.1 Verduidelik die term *kwarantyn*. (2)
- 5.8.2 Buiten om 'n nuwe rekenaar of apparatuur ('hardware') te koop, wat moet 'n mens doen indien die antivirusprogram nie 'n virus van jou rekenaar kon verwyder nie? (1)
- 5.9 Me. Mills het vir die leerders gesê dat alle netwerk- en aanlyngebruikers van rekenaars moet seker maak dat hulle 'n netskans ('firewall') gebruik.
- Verduidelik wat 'n *netskans* is. (3)
- 5.10 Buiten om fisiese toegang tot die mediasentrum te beperk, noem TWEE maniere waarop me. Mills kan seker maak dat sensitiewe inligting op die netwerk veilig gehou word. (2)
- 5.11 Me. Mills vertel die leerders dat sy 'n voorbeeld van uitvissing ('phishing') op haar rekenaar gekry het.
- 5.11.1 Verduidelik die term *uitvissing* ('*phishing*'). (3)
- 5.11.2 Wat behoort me. Mills te doen as sy die slagoffer van uitvissingsbedrog ('phishing scam') is? (2)

5.12 Baie gehoorgestremde gebruikers maak staat op IKT ('ICT') vir beter kommunikasie.

5.12.1 Die meeste e-postoepassings waarsku die gebruiker deur 'n geluid te maak wanneer daar 'n inkomende e-posboodskap is.

Watter opsie is beskikbaar om 'n dowe gebruiker te waarsku dat daar 'n inkomende e-posboodskap is? (1)

5.12.2 Noem die tipe toepassing wat 'n gehoorgestremde persoon toelaat om 'n lesing of toespraak te volg. (1)

5.12.3 Hoe kan video's op YouTube vir dowe gebruikers toeganklik gemaak word? (1)

[26]

VRAAG 6

Die leerders by die skool gebruik die mediasentrum om hulle take te doen.

- 6.1 Die mediasentrum sal baie hardekopieboeke asook e-boeke aanhou.
Watter tipe toepassing sou jy aanbeveel om maklik toeganklike rekords van hierdie boeke te hou? MOENIE enige handelsname in jou antwoord gee NIE. (1)
- 6.2 Noem EEN toestel waarop jy 'n e-boek kan lees. (1)
- 6.3 Beskou die volgende stelling:
' 'n Mens kan nie altyd inligting op die web vertrou en aanneem dat dit korrek en akkuraat is nie.'
Gee TWEE maniere waarop 'n mens die betroubaarheid van inligting wat jy op die Internet vind, kan verifieer. (2)
- 6.4 Onderwysers kla dat baie leerders plagiaat pleeg ('plagiarise') met materiaal vanaf die Internet wanneer hulle hul take of PAT'e doen.
- 6.4.1 Bespreek die term *kopiereg*. (3)
- 6.4.2 Noem TWEE maniere of kenmerke van 'n woordverwerker wat leerders kan gebruik om die gebruik van materiaal vanaf die Internet te erken sonder om hulle aan plagiaat skuldig te maak. (2)
- 6.5 Die RTT-leerders moet 'n vraelys vir hul PAT opstel.
- 6.5.1 Noem 'n tipe dokument wat met 'n woordverwerker geskep kan word wat respondente sal toelaat om 'n vraelys elektronies te beantwoord. (1)
- 6.5.2 Gee TWEE aspekte wat oorweeg moet word wanneer 'n vraelys opgestel word wat 'n mens sal toelaat om relevante data wat ontleed kan word, in te samel. (2)
- 6.6 Die skool het 'n splinternuwe inkspruitdrukker ontvang, maar as een van die RTT-leerders dit aan 'n rekenaar koppel, wil dit nie druk nie.
- 6.6.1 Noem TWEE moontlike oorsake van hierdie probleem. (2)
- 6.6.2 Gee TWEE redes waarom gebruikte inkhouders nie in die asblikke by die skool gegooi moet word nie. (2)
- 6.7 Watter tegnologie sal intekenaars op 'n sportpublikasie toelaat om die jongste sportnuus op hul rekenaars, tablette of slimfone te ontvang? (1)

- 6.8 As een van die leerders probeer om inligting van die Internet af te laai, word hy gevra om 'n inpropprogram ('plug-in') genaamd Adobe Reader te installeer.
- 6.8.1 Definieer 'n *inpropprogram* ('*plug in*'). (1)
- 6.8.2 Noem die tipe lêer wat deur Adobe Reader gelees kan word. (1)
- 6.9 Me. Mills hou 'n blog en sy twiet ('tweet') ook oor die mediasentrum.
- 6.9.1 Sy wil graag die gemeenskap oor 'n aanbieding wat by die skool plaasvind, in kennis stel.
- Gee TWEE redes waarom dit beter sal wees indien sy 'n boodskap op haar blog plaas, eerder as om 'n e-pos te stuur. (2)
- 6.9.2 Wat is 'n *mikroblog*? (1)
- 6.9.3 Noem EEN opvoedkundige gebruik van 'n blog. (1)
- 6.9.4 Watter Internetdiens sal me. Mills gebruik om twiets ('tweets') te stuur? (1)
- 6.10 Die skoolbeheerliggaam het me. Mills gevra om die aanlynbemaking van die nuwe mediasentrum te ondersoek.
- Beskryf kortliks hoe organisasies kan voordeel trek uit die bemaking van hul produkte of dienste op die Internet. (2)
- [26]**

VRAAG 7

Die leerders en gemeenskapslede wat die mediasentrum gebruik, het dikwels vrae oor rekenaars en die toepassings wat hulle gebruik.

- 7.1 Me. Mills hou 'n databasis van leerders wat die mediasentrum gebruik. Sy het die volgende databasistabel opgestel:

Veldnaam ('Field name')	Beskrywing ('Description')
Van	Van van die leerder
Naam	Naam van die leerder
Graad	Graad van die leerder
Gebruikernommer	Unieke nommer wat aan die leerder gegee is
Gebruikerwagwoord	Wagwoord wat aan die leerder gegee is
Internetgebruik	Hoeveelheid data wat deur die leerder gebruik is

- 7.1.1 Op watter veld van die databasistabel sal jy 'n primêre sleutel plaas? (1)
- 7.1.2 Watter eienskap van die ontwerpansig ('design view') van die databasis sal me. Mills gebruik om 'n kombinasie lys ('combo box') op die *Graad*-veld te plaas? (1)
- 7.1.3 Me. Mills het 'n navraag geskep om die name van al die graad 10- en graad 11-leerders te vertoon.
Hierdie navraag stuur geen name terug wanneer sy die kriteria '10 AND 11' in die *Graad*-veld gebruik nie.
Watter kriteria moet me. Mills eerder vir hierdie veld gebruik? (1)
- 7.1.4 Watter eienskap van 'n databasisverslag sou me. Mills gebruik om die Internetgebruik vir elke graad te verkry? (1)
- 7.1.5 In watter afdeling van die verslag sou me. Mills 'n formule plaas om vas te stel wat die totale Internetgebruik van al die leerders is? (1)
- 7.1.6 Me. Mills wil graag die data van die databasis na 'n sigblad oordra.
Buiten om 'kopieer en plak' ('copy and paste') te gebruik, watter eienskap ('feature') van die sigblad kan sy gebruik om hierdie aksie uit te voer? (1)
- 7.2 Watter eienskap ('feature') van 'n sigblad kan me. Mills gebruik om seker te maak dat ander gebruikers nie formules in haar sigblad kan verander nie? (1)
- 7.3 Noem EEN manier waarop me. Mills die rekenaar kan gebruik om 'n oplossing vir 'n probleem wat sy in 'n sigbladtoepassing ervaar het, te vind. (1)
- 7.4 Watter toepaslike maatreël moet me. Mills neem as sy vind dat die woordverwerkingstoepassing nie reageer nie? (2)

7.5 Me. Mills ontvang 'n e-pos wat haar waarsku oor 'n ernstige virus en haar vra om 'n spesifieke lêer uit die bedryfstelsellêers uit te vee.

Jy vermoed dat die e-pos dalk 'n viruspoets ('virus hoax') kan wees.

7.5.1 Gee die betekenis van die term *viruspoets* ('*virus hoax*'). (2)

7.5.2 Hoe kan sy bevestig of hierdie e-posboodskap 'n viruspoets is? (1)

7.5.3 Beskryf kortliks wat waarskynlik sou gebeur indien sy die lêer wat in die e-pos genoem word, uitvee. (1)

7.5.4 Watter term word vir ongewenste e-pos gebruik? (1)

7.6 'n Leerder sê dat sy gesin 'n 2 GG ('GB')-limiet ('cap') per maand op hulle Internetkoppeling het, maar dat dit binne die eerste twee weke van elke maand bereik word.

Die gesin laai nie fliks af nie. Hulle stuur net 'n paar e-posse en blaai af en toe deur die web.

7.6.1 Gee TWEE moontlike redes waarom die limiet ('cap') so vinnig bereik word. (2)

7.6.2 Hoe kan die gesin uitvind hoeveel van die limiet ('cap') hulle per week gebruik? (1)

7.7 Baie leerders besoek die mediasentrum op 'n Saterdag om aanlynspelletjies te speel.

7.7.1 Wat beteken dit om aanlynrekenaarspelletjies te speel? (2)

7.7.2 Gee TWEE moontlike redes waarom leerders slegs op 'n Saterdag toegelaat word om aanlynrekenaarspelletjies by die skool te speel. (2)

7.7.3 Sommige mense speel rekenaarspelletjies vir lang tye. Bespreek die negatiewe impak op TWEE aspekte van hierdie mense se lewens. (2)

7.7.4 Moderne skattejagters gebruik geografiese koördinate om 'n versteekte item op te spoor.

Watter tegnologie kan gebruik word om die geografiese koördinate te bepaal?

(1)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 130
GROOTTOTAAL: 150